VEILIGE MULTIMODALE VERVOER VAN GEVAARLIKE GOEDERE

# BEDRYF NEEM KENNIS

## WEET JY?

## GEVAARLIKE GOEDERE IS CHEMIKALIEË EN ARTIKELS



## VERVOERVEILIGHEID

**OPLEIDING om korrekte klassifikasie en VN-nommer te verseker:**
Behoorlike versendingsnaam – PSN, verpakking, merking, etikettering, laai, dokumentasie, versoenbaarheid en bevestiging – IAO/IMO/VNEKE-gebruikskode vir die pak van vragvervoereenhede.

Ook OPLEIDING en BEWUSMAKING vir ALMAL wat betrokke is in die voorsieningsketting van gevaarlike goedere betreffende:

- Die nege klasse van gevaarlike goedere
- VN-nommers en PSN – behoorlike versendingsnaam
- Verpakking, merking en etikettering wat die vereistes nakom
- Vereistes vir multimodale dokumentasie
- Poseie-opleiding
- CTU – gebruikskode vir die pak van vragvervoereenhede
- Veiligheid

Aanvanklike en periodiese opknappingsopleiding in ooreenstemming met die bywerking van regulasies.
Rekords moet gehou word vir owerhede om na te verwys in die geval van ongelukke of voorvalle.

## BEDRYFS-VERANTWOORDELIKHEDE

- Verseker dat alle tersaaklike persone opgelei is in hul verantwoordelikhede betreffende gevaarlike goedere
- Klassifiseer hul produkte
- Ken die korrekte gevaarklas toe
- VN-nommer en behoorlike versendingsnaam
- Stel vas vanaf die VN-lys van gevaarlike goedere watter verpakkings goedgekeur is vir daardie VN-nommer, en koop en gebruik slegs verpakkings wat deur die VN gesertifiseer is, en waarop die korrekte VN-sertifiseringsmerk voorkom
- Pak en etiketteer elke eenheid van verpakking korrek
- Voltooi die VN-multimodale dokumentasie met alle vereiste inligting
- Laai en bevestig korrek – IAO/IMO/VNEKE-gebruikskode vir die pak van vragvervoereenhede
- Plak 'n plakkaat op die voertuig, vraghouer ens. in ooreenstemming met die regulasies
- Voer RISIKO-EVALUERINGS uit

## GEVOLGE VAN NIENAKOMING

- Ongelukke, voorvalle
- Skade aan persone, eiendom, infrastruktuur en die omgewing
- Moontlikheid van ongelukke en soms sterfgevalle (Boksburg – baie sterftes en beserings)
- Omgewingsbenadeling – rampe
- Verlies en aanspreeklikheid
- Hoë koste verbonde aan dinge verkeerd doen
- Moontlike strawwe vir nienakoming
- Skade aan reputasie
- Moontlike geregtelike stappe
- Moontlike beslaglegging in buitelandse hawens – oorlêgeld en koste verbonde aan regstelling van nienakoming

**WEES BEWUS!**

Skeepvaartlyne lê nou boetes op vir die verkeerde aangifte van vrag en internasionale hawens is waaksaam in die identifisering van nienakoming. Alle vervoer begin padlangs na spoor, see en lug. 'n Multimodale benadering is noodsaaklik vir die veiligheid van gevaarlike goedere in die voorsieningsketting.

transport
Department:
Transport
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DGSC-TG
Dangerous Goods Supply Chain Task Group

RPMASA